

# Leef volgens die wil van God



## Sabbatmiddag

### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*I Petrus 3:8–12; Galasiërs 2:20; I Petrus 4:1, 2; Romeine. 6:1–11; I Petrus 4:3–11; II Samuel 11:4.*

### Geheeteks:

“Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners.” (*I Petrus 3:12*).

**D**ie skrywers van die Bybel het die werklikheid van die sondige natuur van die mens geken. Hoe kon hulle dit nie geweet het nie? Die wêreld is deurtrek met sonde. Behalwe dat hulle dit geweet het, het hulle ook hulle eie sondigheid geken (*sien I Tim. 1:15*). Hulle het ook geweet hoe ernstig dit was; per slot van rekening, kyk wat dit gekos het om die sondeprobleem op te los, die kruisdood van Jesus Christus. Dit is hoe diep die aarde met sonde deurdrenk is. Maar, die Bybelskrywers was ook diep bewus van die krag van Christus om lewens te verander en mense in Hom nuut te maak. Hierdie week deurtrap Petrus dieselfde spoor: die nuwe lewe wat Christene in Jesus sal hê nadat hulle hulself aan Hom oorgegee het en gedoop is. Feit is, die verandering sal so groot wees dat andere dit sal raaksien. Petrus sê nie dat hierdie verandering altyd maklik sal wees nie; hy praat immers van die nodigheid om in die vlees te ly (*I Pet. 4:1*) om die oorwinning te bekom wat aan ons belowe is. Petrus fokus op ‘n tema wat dwarsdeur die Bybel gevind word, die werklikheid van liefde in die lewe van ‘n gelowige in Jesus. “Liefde,” skryf hy, “sal ‘n menigte sondes bedek” (*I Pet. 4:8*). Wanneer ons liefhet, wanneer ons vergewe, weerspieël ons wat Jesus gedoen het, en nog steeds vir ons doen.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 29 April.*

## Om “eensgesind” te wees

**Lees I Petrus 3:8-12. Watter punt maak Petrus hier oor hoe Christene behoort te leef? Wat herhaal hy waarom hy alreeds geskryf het in I Peter 2:20, 21?**

Petrus begin deur aan almal te sê dat hulle “eensgesind” (homophrones) moet wees. Hy praat nie oor eenvormigheid in die sin dat almal presies dieselfde moet dink, doen en glo nie. Die beste voorbeeld van hierdie gedagte word in I Korinthiërs 12:1–26 gevind, waar Paulus aandui dat net soos die liggaam uit baie dele bestaan soos byvoorbeeld hande en oë wat ‘n innerlike eenheid vorm, so bestaan die kerk uit individue met verskillende geestelike gawes. Tog, selfs met hierdie verskille, het hulle ‘n eenheid van doel en gees om saam te funksioneer om sodoende ‘n verenigde gemeenskap te vorm.

Natuurlik, so ‘n eenheid word nie altyd so maklik bekom nie, soos wat die geskiedenis van die Christelike kerk oor en oor al bewys het. Maar, net na hierdie vermaning sê Petrus aan sy lesers hoe hulle hierdie Christelike ideaal kan uitbeeld. Byvoorbeeld, Christene behoort simpatiek op te tree (*I Pet. 3:8*). Simpatieke optrede kan beteken dat wanneer een Christen ly, ander Christene saam ly; wanneer ‘n Christen verheug is, is ander Christene saam bly (*vergelyk I Kor. 12:26*). Om simpatiek te wees, help dit ons om ander se perspektief te sien, wat ‘n belangrike stap nader aan eenheid is. Petrus sê verder dat ons “vol broederliefde” moet wees (*I Pet. 3:8*). Jesus het self gesê dat jy Sy ware dissipels kan uitken omdat hulle liefde ondermekaar het (*Joh. 13:35*). Boonop, sê Petrus, moet Christene ‘n teer hart vol ontferming hê (*I Pet. 3:8*). Hulle sal medelye met mekaar se moeilikhede en foute hê.

“Kruisig self; ag andere beter as jouself. So sal jy een word met Christus. Voor die heelal, en voor die kerk en die wêreld, sal jy onmiskenbare bewys lewer dat jy ‘n seun of ‘n dogter van God is. God sal deur die voorbeeld wat jy stel, vereer word.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 9, bl. 188 (*vrye vertaling*).

**Hoe dikwels doen ons wat Petrus hier sê, veral waar hy sê, “vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie”(I Pet. 3:9)? Watter tipe dood vir die eie ek moet ons ondervind om hierdie raad te volg? Hoe kan ons hierdie tipe dood sterf? (*Sien Gal. 2:20*.)**

---



---

## Om na die vlees te ly

Ja, Jesus het vir ons sondes gesterf, en ons hoop op redding word net in Hom gevind, in Sy volmaaktheid wat ons dek en ons regverdig in die oë van God maak. Want deur Christus “neem God u aan asof u nooit gesondig het nie.” — Ellen G. White, *Skrede na Christus*, bl. 62. Maar God se genade eindig nie net met ‘n uitspraak nie, ‘n verklaring dat ons sondes vergewe is nie. God gee ook die krag om sondes te oorwin.

**Lees I Petrus 3:18, 21; I Petrus 4:1, 2, en ook Romeine 6:1–11. Wat is die verbintenis tussen lyding en oorwinning oor sonde?**

In I Petrus 3:18 word ‘n Griekse woordjie gebruik wat die veelomvattende aard van Jesus se offer beklemtoon. Dit is die woord “hapax” wat “eenmaal vir almal” beteken. Petrus gebruik “hapax” om die veelomvattende aard van die lyding van Jesus se dood vir ons te beklemtoon. Die frase “omdat Christus dan” in I Petrus 4:1, verbind I Petrus 4:1, 2 met wat so pas in I Petrus 3:18–22 gesê is. In hierdie laasgenoemde verse wys Petrus daarop dat Christus vir ons sondes gely het om ons na God te bring (*I Pet. 3:18*), en dat “die doop, ons nou ook red” (*I Pet. 3:21*). Die doop, dan, is miskien die beste konteks vir Petrus se woorde “... dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde” (*I Pet. 4:1*). Deur die doop neem die Christen deel aan die lyding en dood en opstanding van Jesus; die Christen het ‘n keuse gemaak “om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God” (*I Pet. 4:2*). Dit kan alleenlik volbring word deur daaglikse oorgawe van self aan die Here, “want die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig” (*Gal. 5:24*). In Romeine 6:1–11 sê Paulus dat deur die doop Christene verenig word met Jesus in Sy dood en opstanding. Deur die doop is ons dood vir sonde. Ons moet nou daardie “dood vir sonde” ‘n werklikheid in ons lewens maak. Paulus se woorde, “so moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here” (*Rom. 6:11*), beskryf die geheim van die Christen se lewe.

**Hoe lank gelede het jy jousef sien “ly na die vlees” om daardeur teen sonde te veg? Wat sê jou antwoord oor jou Christelike lewenswyse aan jou?**

## Wedergebore

In Christus het ons 'n nuwe lewe, 'n nuwe begin. Ons is wedergebore. Indien dit iets beteken, veral vir diegene wat Christus ná hulle kinderdae aangeneem het, sal hulle anders lewe as wat hulle voorheen gelewe het. Wie het nie al ongelooflike verhale gehoor van persone wat ydel geleef het en toe 'n radikale verandering ondergaan het deur Jesus en Sy reddende genade in hulle lewe toe te laat nie? Inderdaad, nadat hy oor die dood van die eie ek en die nuwe lewe in Jesus (deur die doop in Sy dood en opstanding) gepraat het, praat Petrus oor die tipe veranderinge wat ondervind sal word.

**Lees I Petrus 4:3–6. Watter veranderinge sal in 'n persoon se lewe plaasvind, en hoe reageer ander mense op sulke veranderinge?**

---

Die drie terme wat Petrus gebruik wat alkoholverslawing betref, is “dronkenskap”, “brasserye” en “drinkpartye”. Om dit eenvoudiger te stel: jou partytjie dae is verby! Feit is, volgens Petrus behoort die verandering wat 'n Christen ondervind so groot te wees dat diegene wat hom of haar voorheen geken het, dit “vreemd” sal vind dat hy of sy nie langer “saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid” nie (*I Pet. 4:4*). Op dié manier sien ons hier 'n geleentheid om voor ongelowiges te getuig sonder om te preek. 'n Toegewyde Christelike lewe kan meer as al die preke in die wêreld saam getuig.

**Wat sê Petrus in I Petrus 4:5, 6 oor oordeel?**

---

Hier, soos ook op ander plekke in die Bybel (*Joh. 5:29, II Kor. 5:10, Heb. 9:27*), maak Petrus dit duidelik dat daar eendag 'n oordeel sal wees “na die mens in die vlees” (*I Pet. 4:2*). Wanneer Petrus praat van, “daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig”, (*I Pet. 4:6*), bedoel hy dat selfs in die verlede mense wat nou dood is, toe hulle geleef het, 'n geleentheid gehad het om die reddende genade van God te leer ken. Daarom kan God hulle ook regverdiglik oordeel.

**Nou dat jy 'n gelowige in Jesus is, hoe verskillend leef jy as toe jy nie in Hom geglo het nie? Watter verskil het Jesus in jou lewe gemaak?**

## Sonde na die vlees

Deur 'n lys van die verkeerde dinge te maak wat mense in die verlede gedoen het, en te noem dat hulle gestop het om dit te doen nadat hulle gelowiges in Jesus geword het, sluit Petrus seksuele sondes daarby in.

### Lees I Peter 4:3 weer. Wat nog noem Petrus hier?

---



---



---

Twee woorde in hierdie lys het 'n onderskeidende seksuele konnotasie: “ongebondenheid” (“*aselgia*” wat na “sedeloosheid of bandeloosheid” kan verwys), en “begeerlikheid” (“*epithumia*” wat na “wellustigheid” verwys). Dit is maar al te maklik vir Christene om verkeerde indrukke oor seksualiteit te hê. Die Bybel is nie teen seks nie. Inteendeel, God het seks geskep, en Hy het seksualiteit aan die mens as iets goeds gegee. Dit was so in Eden reg aan die begin. “Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. En hulle was altwee naak, die man en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie” (*Gén. 2:24, 25*). Dit was veronderstel om een van die kernfaktore te wees wat 'n man en vrou lewenslang saam sou bind, en wat die beste agtergrond vir die grootmaak van kinders sou bied. En hierdie saamwees en intiemheid sou 'n weerspieëling wees van wat God ook tussen Hom en Sy volk begeer het (*sien Jer. 3, Eség. 16, Hos.1–3*). Indien dit waarvoor dit oorspronklik bedoel was in plek is, tussen 'n man en 'n vrou wat getroud is, is seksualiteit 'n onbeskryflike seën; indien dit verkeerd gebruik word, in die verkeerde konteks, kan dit een van die grootste vernietigende kragte in die wêreld wees. Die onmiddellike vernietigende gevolge van hierdie sondes kan nie deur die mens bereken word nie. Wie onder ons weet nie van lewens wat geruïneer was deur die misbruik van hierdie wonderlike gawe nie?

### Wat het die volgende teksverse met mekaar in gemeen? *II Sam. 11:4, I Kor. 5:1, Gén. 19:5, I Kor. 10:8.*

---

Natuurlik het ons nie net die Bybel nodig vir verhale van die pyn en lyding wat hierdie sondes al veroorsaak het nie. En ons moet tog ook versigtig wees. Hierdie soort sondes kan definitief kragtige negatiewe uitwerkinge op mense hê, en gemeenskappe neig om te frons daarvoor, maar sonde is sonde, en Christus se dood dek ook seksuele sondes. Daarom behoort jy as 'n Christen veral op hierdie sensitiewe gebied versigtig te wees om “eers die balk uit jou oog uit [te haal], en dan sal jy goed sien om die splinter wat in jou broeder se oog is, uit te haal” (*Luk. 6:42*).

## Liefde bedek alles

Christene het selfs gedurende Petrus se leeftyd in afwagting op die spoedige terugkoms van Jesus en die einde van die huidige wêreld, gelewe. Ons weet dit want in I Petrus 4:7 skryf hy: "En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid". Met ander woorde, wees gereed vir die einde! Een ding is seker, die "einde", wat elkeen van ons betref, is nooit verder weg as 'n oomblik nadat ons gesterf het nie. Ons maak ons oë toe en, of duisende jare of net 'n paar dae verbygaan, die volgende ding waarvan ons bewus sal raak, sal die tweede koms van Jesus en die einde van die wêreld wees.

**Volgens Petrus, omdat "die einde van alle dinge naby is", behoort Christene hoe te lewe? (Sien I Pet. 4:7–11.)**

---

---

---

---

Behalwe om ernstig en waaksaam in gebed te wees, moet Christene "mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek" (I Pet. 4:8). Wat beteken dit? Hoe word sonde deur liefde bedek? 'n Wenk word in die teksvers wat Petrus uit Spreuke 10:12 aanhaal, gevind: "Haat verwek twistes, maar liefde bedek al die oortredinge". Wanneer ons mekaar liefhet, vergewe ons diegene wat ons seermaak, gouer en makliker. Christus se liefde dring Hom om ons te vergewe; ons liefde behoort ons te dring om ander te vergewe. Waar liefde heers, word klein oortredinge en selfs party groot sondes gouer vergewe, oorgesien en vergeet. Petrus skryf sekerlik oor dieselfde gedagte as wat Jesus en Paulus geuiter het, dat die hele wet opgesom kan word in liefde vir God met jou hele hart, en liefde vir jou naaste soos vir jouself (Matt. 22:34–39, Rom. 13:8–10). Petrus dring daarop aan dat Christene gasvry moet wees. Die wederkoms mag naby wees, maar Christene behoort hulle nie daarom van sosiale verhoudinge te weerhou nie. Laastens, wanneer Christene praat, moet hulle praat asof hulle God verteenwoordig. Met ander woorde, ernstige tye vra vir ernstige kommunikasie oor geestelike waarhede.

**"Die liefde sal 'n menigte sondes bedek." Wie het teenoor jou gesondig? Hoe kan jy die liefde weerspieël wat nodig is om daardie sonde te "bedek"? Hoekom is dit tot jou eie voordeel om dit te doen?**

**Vir verdere studie:**

“Die liefde wat lankmoedig en vriendelik is, sal nie ‘n onverstandige optrede vergroot tot ‘n onvergeeflike sonde nie, nog minder sal dit probeer om voordeel uit ander se misdade te put nie. Die Skriftuur leer duidelik dat die wat sonde begaan met verdraagsaamheid en bedagsaamheid behandel moet word. Indien daar reg opgetree word, kan die oënskynlike verharde hart vir Christus gewen word. Die liefde van Jesus bedek ‘n menigte sondes. Sy genade probeer nie om ander se verkeerde dade bekend te maak nie, behalwe as dit ‘n positiewe uitkoms sou verseker.” — Ellen G. White, *Counsels to Parents, Teachers, and Students*, bl. 267 (*vrye vertaling*). Dink byvoorbeeld aan Jesus en die vrou wat in egbrek betrap was (*Joh. 8:1–11*). Ons kyk gewoonlik na hierdie verhaal as ‘n insident wat Christus se genade teenoor ‘n gevalle vrou uitbeeld, en dit is so. Maar, daar is ook ‘n dieper betekenis hier. Hoekom het Jesus in sy konfrontasie met die godsdienstige leiers wat die vrou na Hom gebring het, die “skuldige geheime van hulle eie lewens” in die sand neergeskryf waar die woorde onmiddellik uitgegee kon word? (Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 470) Hoekom het Hy hulle nie openlik beskuldig nie, voor almal dit verklaar dit wat Hy van hulle gewees het, wat miskien net so erg of selfs erger as haar sondes kon gewees het? In plaas daarvan het Jesus hulle gewys dat Hy hulle skynheiligheid en boosheid geken het, en tog nie van plan was om dit voor almal te ontbloot nie. Miskien was dit Jesus se manier om na hierdie manne uit te reik, hulle te wys dat Hy hulle motiewe geken het en hulle ‘n geleentheid gegee het om gered te word. Wat ‘n kragtige les is dit nie vir ons almal wanneer ons diegene wat gesondig het, moet konfronteer nie.

**Vrae vir bespreking:**

- 1. Dink na oor die kwessie van eenheid teenoor eenvormigheid. Is daar sekere gebiede waar ons geheel en al een van gedagte moet wees om as ‘n kerk te kan funksioneer? Indien daar is, wat is hulle, en hoe kan ons die nodige eenvormigheid bereik? Wat die teenoorgestelde betref, watter gebiede waar daar verskil kan word, is nie skadelik nie, maar eintlik nuttig?**
- 2. Wat was jou eie ondervinding met die konsep dat jy “na die vlees moet ly” om op te hou sondig? Wat beteken dit? Beteken God se veranderende krag in ons lewens dat ons outomaties nie sal ly na die vlees om oorwinning te behaal nie? Indien nie, hoekom nie?**
- 3. Kyk om jou na die vernietiging wat alkohol in so baie lewens aangerig het. Wat kan ons as ‘n kerk doen om andere te help om die gevaar in hierdie verdowingsmiddel te sien? Wat kan ons doen om ons jongmense bewus te maak van hoe groot die gevaar is om selfs net met ‘n middel wat soveel skade kan aanrig, te eksperimenteer?**

